



Laerskool Queenswood

Omsendbrief 23

3 Augustus 2011

Geagte Ouers en Voogde




OPE DAG:

Die ope dag vir graad RR - graad I vind op 17 Augustus 2011 om 18:00 in die skoolsaal plaas. Alle voornemende ouers is welkom om die geleentheid by te woon. Vertel asseblief vir ander ouers van ons skool en help ook só ons skool bemerk.

KASKAR:

Die kaskarwedren vind op 14 Oktober 2011 plaas. Leerders het reeds aan die einde van verlede kwartaal hulle borgvorms ontvang om te begin woeker. Soos in die verlede gaan daar weer groot pryse gewen kan word.



BOBBY VAN JAARSVELD:

Hierdie optrede vind op 19 Augustus 2011 plaas. Soos u weet is dit 'n groot fondsinsamelingsprojek vir die skool en die Klein Q's. Help ons om van hierdie aand 'n groot sukses te maak. Vertel u familie, vriende en kollegas wat nog nie kaartjies het vir die aand nie.

LANDLOOPLIGA 4:

Die skool bied op 12 Augustus 2011 'n Landlooptiga aan. Om so 'n groot byeenkoms te reël benodig ons ouerhulp. Indien u bereid is om as beampte op te tree skakel asseblief die kantoor. U hulp sal baie waardeer word.

NASKOOL:

Neem asseblief kennis dat die naskool op 8 en 9 Augustus 2011 gesluit sal wees.

KLERE:

Daar is nog geweldig baie klere wat nie gemerk is nie en wat dan nie aan die leerders terugbesorg kan word nie. Ons doen 'n beroep op u om asseblief u kind se klere te merk.

DEPARTEMENTE VORM:

U kind/ers ontvang vandag elkeen 'n vorm wat deur u ingevul en geteken moet word. Hierdie vorm moet asseblief môre, 4 Augustus 2011, terug wees by die skool aangesien die Departement by die skool kom afhaal.

FACEBOOK:

Die skool het ook nou 'n Facebook bladsy waarop u inligting kan kry en kommentaar kan lewer.



RESEPTEBOEK:

In samewerking met ABSA Monumentpark wil ons graag 'n resepteboek vir 'n fondsinsamelingsprojek vir die skool saamstel. Stuur asseblief u gunsteling resep na die skool of e-pos dit na admin@laerskool-queenswood.co.za.

GESONDHEIDSWENK VIR DIE WEEK:

Idees vir meer beweging(oefening) of hoe om 'n "sit-bestaan" te vermy:

Parkeer jou motor so ver as wat jy kan van die winkelsentrum se deur.

Klim trappe as daar 'n geleentheid is.

As jy voor 'n rekenaar werk, staan elke uur op en stap 'n bietjie rond, gaan staan in die son vir 'n paar minute om jou Vitamiene D aan te vul.

Kinders moet verkieslik nie langer as een uur per dag tyd voor 'n skerm spandeer nie.

Spring tou by jou huis.

Doen maagoefening voor slaaptyd.

Neem kinders oor naweke na 'n parkie en stap vinnig terwyl hulle fiets ry.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Ope dag

Kaskar

Bobby van Jaarsveld

Landlooptiga

Naskool

Klere

Departementele vorm

Facebook

Resepteboek

Gesondheidswenk